**Joe Crews**

# Diewe in die Kerk

KOPIEREG © 1980 DEUR
JOE CREWS

ALLE REGTE VOORBEHOU.

IN AFRIKAANS VERTAAL DEUR
ANITA VAN DEVENTER

VIR GEBRUIK IN DIE
TRANSVAAL KONFERENSIE

VOORBLAD ONTWERP DEUR RICHARD STEADHAM

# Diewe in die Kerk

Is u bewus van die sonde wat niemand erken nie? Dit is ‘n sonde wat ons bang is om te noem. Ons moet bang wees om dit te noem, want niemand is ooit bereid om dit oor homself te erken nie. Mense het al aan my bely dat hulle vreeslike, geheime sondes gepleeg het. Ek kan mense onthou wat erken het dat hulle dronkaards is, wat bely het dat hulle steel, ‘n ander se huwelik vernietig het, moord gepleeg het, die Here se naam ydellik gebruik het, die huweliksmaat te nagekom het, die Sabbat verbreek – en al die ander – maar sover as wat ek kan onthou van al my jare in die bediening, het niemand nog ooit aan my erken dat hy skuldig was aan die sonde waaroor ons nou gaan praat nie. En ek veronderstel dat die rede daarvoor is omdat dit die bron van alle sonde is; die fundamentele sonde; die grondslag van sonde.

Die Here Jesus Self het ons ernstig teen hierdie sonde gewaarsku in Lukas 12:15: “En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie.” U sien, inhaligheid is dus die sonde wat niemand erken nie.

Mense sê eenvoudig net nie: “Wel, ek is ‘n hebsugtige persoon. Ek wil daardie ekstra rand in die hande kry. Ek wil uitreik en alles waarop ek my hande kan lê, bymekaar maak.” En mense kom ook nooit na u en sê: “Ek wil iets erken. Gierigheid is my probleem. Ek is net ‘n inhalige persoon.” Dit het my nog altyd ‘n bietjie verbaas. Mense gee gladnie om om enige van daardie vreeslike, erger sondes te erken nie; maar wanneer dit neerkom

op daardie verfynde sondes soos inhaligheid, neem ek aan dat dit net te vernederend is. Dit is natuurlik ook 'n sonde wat nie te veel deur ons materialistiese geslag veroordeel word nie. Dit lyk selfs asof dit nie eers baie deur die kerk veroordeel word nie. Verbreek enige van die ander gebooie en jy is onmiddellik in die moeilikheid, maar om inhalig te wees – wel, niemand weet of jy inhalig is of nie. Daar het u dit – dit is 'n gebod van die Here, en dit blyk asof dit die een is wat die meeste mense graag wil miskyk; egter in God se oë is dit een van die ergste van alle sondes omdat dit die bron van elke ander sonde is. Onthou wat die apostel Paulus in Romeine 7:7 gesê het. Hy het gesê, "Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie." Die punt wat hy probeer tuisbring het, was dit: Elke enkele sonde het sy oorsprong in die sonde van inhaligheid, en dit is waarom God gedink het dat dit belangrik genoeg was om in die Tien Gebooie in te sluit. Dit is die sonde wat eerste plaasvind en lei na elke ander sonde wat u ooit kan pleeg.

## God Het Die Mens "'n Dwaas" Genoem

Ek moet u egter voor die tyd waarsku dat daar geen moontlike manier is om ontslae te raak van inhaligheid, behalwe deur die Here Jesus Christus nie – beslis geen ander manier nie. Dit neem spesiale krag van die hemel om sonde te oorwin. Laat ons nou vir 'n oomblik teruggaan na Lukas 12. Nadat Jesus gesê het, "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug," het Hy 'n verhaal vertel om die stelling verder te illustreer. Kom ek lees dit vir u vanaf vers 16: "Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: 'n Ryk man se grond het goed gedra. En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? Toe sê hy: dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat

weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."

Let nou op iets. God noem hierdie man 'n dwaas. Ek kan iemand 'n dwaas noem en heeltemal verkeerd wees, maar wanneer God iemand 'n dwaas noem, is hy 'n dwaas. Hierdie man was dus 'n dwaas. Waarom? Wel, omdat hy slegs oor homself bekommerd was – "Ek," "Ek," "Ek," – en hy het totaal vergeet van die sekere feit dat binnekort ons almal voor die Here in die oordeel sal staan. Dus het God gesê, "Jou dwaas; in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees?"

Hierdie is 'n baie ernstige verhaal. Elke enkele Christen behoort ernstige aandag hieraan te gee en ag te slaan op die boodskap daarvan. Die Here sê hier: "Gaan voort. As dit die manier is wat jy dit wil hê, kry enigiets wat jy wil hê. Hou die dinge wat nie joune is nie. Maak voorsiening vir meer en meer sondes. Jy het die reg om te kies, maar wanneer die dag van afrekening kom en jou siel van jou geëis word, wie s'n sal hierdie dinge dan wees?"

U weet, baie mense dink dat hulle kom weg met geheime sondes – dinge wat binne is; onsigbare dinge – soos byvoorbeeld inhaligheid. 'n Persoon kan voortgaan en 'n heel geëerde Christen wees in die oë van andere, maar tog skuldig wees aan inhaligheid. Dit kan net nie raakgesien word soos baie van die ernstiger, opsigtelike sondes nie. Let egter hierop: Op die groot oordeelsdag wanneer die lig van die oordeelstroon van God in elke lewe inskyn, sal al daardie dinge geopenbaar word en mense gaan hulle verrotte, walglike innerlike ten volle sien. En een van die ergste sondes wat op die oordeelsdag getoon gaan word, sal die sonde van inhaligheid wees.

## Om ‘n Ander se Lof, Eer, of Posisie te Begeer

Ek is bevrees dat ons nie werklik die omvang hiervan besef nie. Neem byvoorbeeld professionele jaloesie. Het u al ooit daardie uitdrukking gehoor? Ek wil vir u sê dat dit ook nie net tot die professionele beroepe beperk is nie. Dit is ‘n uitdrukking wat ons oor die algemeen kan gebruik, omdat dit orals op almal toegepas kan word. Vrouens is jaloers op ander vrouens; mans op ander mans; werksmense op ander werksmense; en dit is inhaligheid – hierdie professionele jaloesie – om ‘n ander persoon se lof, of sy eer, of sy posisie te begeer. Dit is so wydverspreid dat daar byna geen plek is waar dit nie gevind word nie. Dit bestaan selfs onder predikante, en so word ons ook daardeur direk geraak.

‘n Persoon kan ‘n pragtige huis bou en ek kan eendag daarna gaan kyk en sê, “Jy weet, hierdie is ‘n lieflike huis. Dit is ‘n meesterstuk. Jy het ‘n pragtige werk gedoen.” En dit sal niks van my verg nie – dit sal vir my maklik wees om dit te sê, omdat ek nie ‘n bouer is nie. ‘n Persoon kan ‘n pragtige meesterstuk skilder – verruklik, voortreflik – en ek kan sê, “Luister, dit is pragtig; dit is uitstekend; ek het nog nooit vantevore so-iets gesien nie.” Ek kan daardie persoon met lof oorlaai en dit sal nie vir my moeilik wees nie, want ek is nie ‘n skilder nie. Maar wanneer iemand opstaan en ‘n beter preek lewer as wat ek kan doen – dan is dit ‘n ander saak vir my om eerlik en opreg van hart te sê, “Dit is puik; die Here was by jou.”

Sien u wat ek bedoel? Dit is waaroor ons vandag praat. Hierdie kwessie van om iemand anders se lof, iemand anders se sukses, iemand anders se aansien te begeer, is een van die grootste sondes wat in die Boek van God genoem word. Dit is my bede dat soos ons met hierdie studie vorder, elke persoon homself in sy hart sal voorneem om onmiddellik te begin om op God staat te maak vir oorwinning. Dit is verskriklik vir ‘n Christen om skuldig te wees aan inhaligheid. Dit is erg genoeg vir ‘n

ongelowige, maar dit is veel erger vir ‘n persoon wie hom beroep op die naam van Christus om skuldig te wees aan inhaligheid. Ons moet leer om God die lof vir alles te gee;  dan sal ons ophou om ons te bekommer oor erkenning – wie verdien erkenning daarvoor.  Ons sal dit alles aan God gee, aan wie dit in elk geval behoort.

‘n Ander plek waar dit lyk asof baie van God se kinders deur die sonde van inhaligheid gekniehalter word, is vrygewigheid.  Te veel van God se belydende kinders is skuldig daaraan dat hulle God se geld verduister.

## Ons Hanteer Elke Dag Iemand Anders Se Geld

Ons lees dikwels in die koerante van mense wat miljoene rande wanbestee het.  Hierdie verduisteraars vlug dikwels uit die land met die geld en laat finansiële ondergang na vir vele mense wat alles wat hulle gehad het, verloor het.  Ons hoop in die geheim dat die gereg hulle uiteindelik sal inhaal en hulle sal laat boet.  Maar, wag nou ‘n bietjie.  Moenie dat ons hier te haastig wees nie.  Almal van ons hanteer geld.

Verder, ongeag van wie u is – u hanteer geld wat nie u eie is nie.  U hanteer geld wat aan God behoort.  Kan dit wees dat iemand wat hierdie lees, skuldig is aan die verduistering van hemelse fondse?  Het julle geweet dat die grootste besitter van grond en goedere in die wêreld herhaaldelik gekul en beroof is sonder om bankrot te raak?  God is die groot Eienaar van wie ek praat.  Ek verwys spesifiek na tiendes en offergawes.  In Levitikus 27:30 sê die Skrifte dat die tiende aan die Here behoort.  Daar is net nie ‘n manier om dit mis te kyk nie.

Miskien moet ek daardie versie lees.  Dit sê:  “Ook al die tiendes van die land, … behoort aan die Here;  dit is heilig aan die Here.”  *Al* die tiendes is die Here s’n;  dit is duidelik.

In Maleági 3 vind ons iets wat bygevoeg word.  Vers 8 sê: “Mag ‘n mens God beroof?   Want julle beroof My, en julle sê:

Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe." Let nou op: 'n Persoon wat nie tiende terugbring nie, is 'n rower, maar ook is 'n persoon wat nie offergawes gee nie skuldig voor God dat hy Hom beroof; dus behoort u *tiendes* en *offergawes* aan God. O, mag dit op elke hart gegraveer word met 'n pen van vuur: Hierdie dinge behoort nie aan ons nie; dit is God s'n. Ons hanteer heilige fondse, en die vraag is – hoe hanteer ons hulle? Kan dit wees dat sommige van ons daaraan skuldig is dat ons God se geld misbruik?

Wat is 'n tiende in elk geval? Lees Levitikus 27:32: "Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee – alles wat onder die herderstaf deurgaan – die tiende moet aan die Here heilig wees." Dit beteken dat een-tiende van ons wins aan God behoort. Ons het miskien nog nie voorheen daaraan gedink nie, maar tien persent van ons inkomste is heilig vir die Here. Ons kan dit nie vir onsself hou sonder om skuldig te wees daaraan om die agste gebod te oortree en te steel wat nie ons s'n is nie. Indien 'n persoon R1,000 per maand verdien, is R100 in werklikheid nie sy eie nie. Natuurlik is slegs die wins, of profyt onderworpe aan die tiende. Met ander woorde, 'n besigheidsman kan 'n wins van R5,000 per maand maak, maar R4,000 is nodig om die salarisse van sy helpers asook oorhoofse uitgawes te betaal. In so 'n geval sou hy slegs R100 tiende betaal op die R1,000 wins vir daardie maand.

Sommige sal beswaar maak dat die gee van tiende aan die Wet van Moses of die Ou Testament behoort en nie op ons in die Nuwe Testament van toepassing is nie. Die feit is egter dat hierdie plan om tiende te gee honderde jare voor die tyd van Moses ingestel was. Abraham het tiende betaal op die Here se eie instruksie lank voor die dae van Moses. Jakob het ook 'n tiende gegee van alles wat hy gehad het. Dit was 'n verpligting nog lank voordat die Joodse volk of die seremoniële wette ontstaan het.

Kom ons lees nou wat Jesus oor die tiende gesê het. Hy is per slot van sake die grootste gids en voorbeeld vir almal van ons met betrekking tot geestelike dinge. In Mattheus 23:23 het Jesus gesê: “Wee, julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.” Daardie woord “behoort” bepaal verpligting en skep onmiddellik ‘n morele basis vir die leerstelling. Soos ons reeds gelees het, raak dit die sedelike gedrag omdat dit diefstal van God insluit.

## Die Tiende Mag Slegs Vir Een Doel Gebruik Word

Kom ons vra hierdie vraag voordat ons verder gaan. Waarvoor moet die tiendegeld in die Here se werk gebruik word? Blaai asseblief na 1 Korinthiërs 9:13: “Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie?” Hier verwys Paulus na die priesterskap van die Ou Testament en hoe hulle besoldig was vir hulle bedieningswerk by die antieke altaar. Lees nou die daaropvolgende versie: “So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.” Vers 14. Hierdie teks leer duidelik dat die evangeliebedienaar op presies dieselfde manier onderhou moet word soos die priesters van die Ou Testament.

Ons gaan nou na die Skrifte om uit te vind wat God se plan was vir die ondersteuning van die bedienaars van die evangelie, beide in die Ou en die Nuwe Testament. In Numeri 18:21 lees ons, “”En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms.” Die stam van Levi het geen erfdeel ontvang soos wat die ander Israeliete ontvang het nie. Hulle het geen troppe vee of besigheidsondernemings gehad

nie. Al die ander stamme het tiende betaal, en daardie een-tiende was gebruik om die priesters en die Leviete te betaal.

Paulus het gesê, “So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.” Met ander woorde, die tiende kan nie vir ‘n opvoedkundige fonds, kerkonkoste, of selfs ‘n welsynsfonds gebruik word nie. Dit is deur God beveel dat dit slegs vir die betaling van evangeliebedienaars gebruik moet word. Dit is die bybelse manier waarop predikante onderhou moet word.

Ek het gehoor van een predikant wat al die deure van die kerk toegemaak het en geweier het om te preek totdat die voorafbepaalde bedrag offergawe ontvang was. Ander kerke wend hulle tot godsdienstige kermisse, loterye, bingo, ens. om hulle pastorale finansiële verpligtinge na te kom. Is dit die plan van God? Is dit die manier wat Hy vir kerke bepaal het om hulle begrotingstekorte aan te vul? Dit is nie volgens God se plan nie. Daar is ‘n ernstige probleem met ‘n kerk wat onchristelike metodes moet aanwend in sy bedryfsplan. Indien Christus vandag in sommige van hierdie tempels en katedrale moet instap, sal Hy net so verontwaardig wees soos toe Hy op aarde was. Hy sou weer eens sê: “Neem hierdie goed hier uit. Julle het my huis van gebed ‘n rowerspelonk gemaak.” Hoe tragies dat baie jongmense binne die mure van hulle eie kerk geleer het om uitmuntende dobbelaars te wees. Wat ‘n treurige verwysing na die toestand van moderne godsdienstige leiers wat sodanige optrede aanmoedig. Is dit wat God verwag van die mense wat na Hom vernoem word?

## Sommige Predikante Preek nie die Waarheid nie Omdat Hulle Vrees vir hulle Inkomste

God het nooit verwag dat predikante betrokke moet raak in die verkoop van eiendomme, motors, of een of ander deeltydse besigheid nie. ‘n Man wat deur God geroep is, behoort al sy tyd

aan die prediking van die Woord van God te bestee. Die goddelike plan van die tiendestelsel moet voorsien vir sy besoldiging. Hierdie stelsel elimineer een van die grootste versoekings wat die moderne predikant wat die evangelie verkondig in die gesig staar. Sommige predikante is in werklikheid bang om die waarheid te preek uit vrees dat hulle hulle inkomste sal verloor!

Wanneer ‘n predikant direk deur die plaaslike gemeente betaal word en heeltemal afhanklik is van die vrygewigheid van een kerkgroep, is hy in ‘n ernstige verknorsing. Indien hy sonde by die naam sou noem soos dit hoort, mag hy juis diegene aanstoot gee wat bydrae tot sy inkomste en gevolglik hul bydraes kan staak.

Ek weet dat geen opregte predikant strelende dinge sal preek slegs vir wêreldse gewin nie; nogtans is daar vele wat versigtig sal wees om juis om voorafgaande redes, openlik te preek onder die omstandighede wat ek sopas beskryf het. ‘n Plaaslike gemeente behoort nie die man wat vir hulle preek direk te betaal nie, en om God se plan te volg, skakel die risiko uit. Sy metode van tiendebetaling skakel die versoeking vir die predikant uit om die waarheid af te water.

Sommige mense kla dat hulle nie tiende kan betaal nie, aangesien daar niks oor is nadat die rekeninge betaal is nie. Tree ons korrek op deur te wag totdat alles betaal is voordat ons God se tiende gee? In Spreuke 3:9 lees ons: “Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste.” Met ander woorde, betaal die tiende eerste. Selfs predikante – wat uit tiendefondse betaal word – betaal een-tiende van hulle salarisse. Alles behoort in elk geval aan God, nie waar nie? Al die silwer en goud en die beeste op ‘n duisend heuwels – ons is slegs die rentmeesters daarvan. Hy laat ons toe om dit gebruik. Ons betaal huur vir ‘n huis wat bevestig dat die huis nie ons s’n is nie. Ons gebruik dit net. Net so gee ons die tiende aan God terug om te erken dat al ons besittings net aan ons gegee is om te gebruik.

Dit behoort in werlikheid aan God, die groot Skepper en Eienaar van alles.

Baie mense sê egter, “Ek gaan kerk toe en ek betaal my tiende,” wanneer hulle eintlik bedoel dat hulle kerk toe gaan en offergawes gee;  want niemand is ‘n tiendebetaler wat nie een-tiende van sy inkomste gee nie.  Tiende beteken een-tiende.  En dit waarvan die Bybel praat – een-tiende van ‘n persoon se wins.

Sommige mense sê: “Is een-tiende nie baie om te gee nie?” Veronderstel dat iemand na u kom en sê, “Ek wil jou help om ‘n besigheid te begin.  Ek wil graag die kapitaal voorsien, die geboue, die toerusting – alles.  Ek wil hê dat jy dit moet bestuur. Aan die einde van die maand moet jy dan die wins bereken. Wanneer jy die wins bereken het, wil ek hê dat jy nege-tiendes moet hou en vir my een-tiende moet gee.”  Sou u sê, “Wat! Jy bedoel jy wil ‘n hele tiende hê?”  Nee, u sal na die man kyk en sê, “U het ‘n fout gemaak het u nie?  U bedoel u wil nege-tiendes hê en vir my een-tiende gee.”

U het nog nooit van so ‘n aanbod gehoor nie.  Mense maak nie vandag sulke aanbiedinge nie – gladnie – maar dit is die aanbod wat God gemaak het.  Dit is ongetwyfeld waar.  Hierdie wêreld en alles daarin behoort aan God.  Hy het dit geskape en alles hier is Syne.  Die Bybel is heel duidelik daaroor.  Ek lees uit Psalm 24:1:  “Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon.”  Psalm 50:10-12 verklaar: “Want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.  Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.  As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.”  Haggai 2:8 sê: “Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die Here van die leërskare.”  Ons vergeet dit soms, maar Hy sê, “Dit is myne.”  Let nou op Deuteronomium 8:18:  “Maar dink aan die here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe.”

Wanneer ons dit alles bymekaar bring, sê die Bybel eenvoudig dit: Alles behoort aan God. Indien u enigiets het, is dit omdat God u die mag, die krag, en die intelligensie gegee het om dit te verkry. En dan sê Hy aan u: "Tien persent van wat jy ontvang is nou myne. Ek wil hê dat jy dit aan My moet gee." Is dit 'n billike aanbod? Ek stel dit vandag aan u dat u nog nooit elders van 'n meer billike, vrygewiger aanbod gehoor het nie. Onthou die versie, Levitikus 27:30, wat sê dat *die tiende behoort aan die Here.* O, mag God ons met daardie punt beïndruk. Dit is nie 'n kwessie dat ons moet besluit of ons dit aan Hom moet teruggee nie, of dit Syne *moet* word nie, of Syne *sal* word nie; dit is alreeds die Here s'n. Dit is so bepaal. Die tiende *is* die Here s'n, en daarom behoort een-tiende van elke persoon se inkomste aan God. Daardie persoon mag 'n heiden wees sonder enige kennis van ons God, maar nog steeds behoort een-tiende van sy wins aan die Here God van die hemel.

Ten slotte kom ons by daardie baie belangrike gedeelte in Maleági 3:8-11: "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare."

Daar het u dit, mense beroof God! In een jaar het die FBI rekords getoon dat daar 111,750 roofaanvalle in die Verenigde State was en meer as 'n miljoen inbrake. Dit is egter slegs 'n gedeeltetjie van die ware prentjie. Miljoene kerklidmate is skuldig aan die ergste vorm van steel – en dit van God? Hierop gebaseer, is daar heelwaarskynlik meer diewe in die kerk as

buitekant die kerk.  Daar is ongetwyfeld geen vraag hieroor nie; God sê dat indien ons die tiende neem, steel ons van Hom.

Terloops, het u die verbasende ooreenkoms gesien tussen tiendebetaling en die tiende gebod van die Tien Gebooie?  Die gebod teen inhaligheid is die tiende een, en die gebod om ‘n tiende te gee, is God se geneesmiddel vir inhaligheid.  Die basiese rede om een van hierdie twee bybelse wette te verbreek, is *selfsug.*  Die teenoorgestelde van die eie-ek is liefde, en alle gehoorsaamheid behoort gebaseer te word daarop om God meer as onsself lief te hê.

Liefde beteken om te gee, soos wat Johannes 3:16 ons leer: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..”  Die liefdesgawe van God, wat Sy Seun gegee het, kan nooit deur ons geëwenaar word nie, maar ons behoort Hom genoeg lief te hê dat die gee van 10 of selfs 50 persent van alles wat ons besit nie as ‘n opoffering beskou sal word nie.  God se uitdaging om “My te beproef” het nog altyd dieselfde resultate voorsien vir diegene wat op Sy woord vertrou het.  Die belofte sê letterlik dat “daar sal nie plek wees” om die seëninge te ontvang wanneer dit na ons terugkom nie “saamgepers, saamgevoeg, in oorvloed.”

Moet nooit die seëninge daarvan onderskat om die diefstalberoep vaarwel toe te roep nie.  Wanneer ons God beroof, beroof ons eintlik onsself.  Ons verloor die seëninge wat ‘n deel is van die allesinsluitende pakket wat *gehoorsaamheid* genoem word.  Ongelooflike beloftes van beskerming en voorspoed word gemaak aan diegene wat ‘n vennootskap met God aangaan deur getroue bydraes.  Die vrugte van onselfsugtige rentmeesterskap, gebaseer op liefde, is te fantasties vir woorde.  “Beproef my,” sê die Eienaar van alles.  Sal u dit waag om dit nou dadelik te doen deur ‘n verbond met God te sluit om ‘n eerlike rentmeester in beide tiendes en offergawes te wees?

## Wat Is Die Waarde Van Tyd?

‘n Paar dae gelede het ek 30 kosbare minute vermors deur te wag vir ‘n skoenmaker om herstelwerk te voltooi wat vir vroeër beloof was. In my gedagtes het ek rofweg bereken en tot die gevolgtrekking gekom dat die 30 minute baie meer werd was as die koste van die skoenherstelwerk. Ek kan u verseker dat die resultate van my berekening geensins my frustrasie kon verminder nie, maar dit het my meer laat begin dink aan die waarde van minute en ure.

Ongelukkig bereken ons die waarde van tyd in rande en sente. Mense word soveel per uur betaal, of soveel rand per maand. Kom ons probeer die werklike waarde van daardie 60 minute bepaal deur dit te baseer op ‘n uurtarief van R10 wat ‘n persoon vir sy werk betaal word. Dit sal soos volg bereken word: ‘n periode van een uur is gelykstaande aan R10 in kontant.

Wanneer ons die uur in geld omskakel het, en aanvaar dat die geld ten volle gelyk is aan die 60 minute, kan ons die werklike waarde van die uur bepaal soos wat ons die waarde van die R10 navors. Hoe waardevol is daardie R10 vir die persoon wat sy tyd daarvoor verruil het? Hoeveel voordeel sal hy daaruit put, en hoeveel sal dit tot sy lewenskwaliteit byvoeg? Indien die R10 meer vreugde, langer lewensduurte, en groter sekuriteit byvoeg, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die man se tyd definitief die bedrag en selfs meer werd was.

Veronderstel egter dat die R10 aan drank bestee word, wat lei tot alkoholisme of siekte? In plaas daarvan dat die geld enige werklike waarde het, sal dit ‘n negatiewe waarde hê en die uur sou ook in werklikheid minder as niks werd wees. Met ander woorde, ons tyd is net soveel werd as wat ons uit die geld kan put wat ons vir ons tyd ontvang het. Indien die dinge waarop ons die geld bestee, ‘n beter, langer en gelukkiger lewe tot gevolg het, kan ons tyd baie meer werd wees as enige bedrag geld. Andersins, indien ons die geld spandeer op dinge wat siekte veroorsaak, die morele waarde verlaag, en ons daarvan weerhou

om die ewige lewe te ontvang, dan het ons tyd ‘n negatiewe waarde.

Indien hierdie beginsel waar is, is die wêreld se standaard om tyd te evalueer heeltemal verkeerd. Sommige persone wat meer as ‘n miljoen rand per jaar betaal word, gebruik hulle rykdom om liggaam en verstand te verontreining, en geestelike beginsels te vernietig. Die samelewing kan dit probeer verdedig, maar daardie mense is besig om hulle tyd te mors, omdat hulle die geld vermors wat met hulle tyd gekoop is.

Ander mense ontvang min in rande, maar hulle belê daardie bietjie in dinge wat bydrae tot gemoedsvrede, die bou van ‘n sterk morele karakter, en die voorbereiding vir die ewige lewe. Hulle is die mense wie se tyd regtig waardevol is; inderdaad meer waardevol as die hoogsbetaalde bestuursamptenaar in die korporatiewe struktuur wat sy rykdom misbruik.

Is dit vir u duidelik dat u geld u tyd verteenwoordig? Hoe u u geld bestee, is dan dieselfde as hoe u u tyd bestee. Die voordele wat uit u geld verkry word, verteenwoordig die werklike waarde van u tyd.

Dink vir ‘n oomblik daaroor. Hoe gebruik u daardie rande? Is hulle belê in maniere wat sal lei tot u ewige geluk en sekuriteit? Maak u dit vir andere moontlik om die seën van God se reddende genade te verkry? Sal mense in die hemel saam met u kan juig as gevolg van hoe u u geld bestee het?

Die onverstandige, verkwistende manier waarop geld hanteer word, sal miljoene lei om die ewige lewe mis te loop. Nie slegs is hulle aardse jare verlore nie, maar die eindelose toekomstige ewigheid word ook prys gegee. Al die geld wat met ‘n leeftyd se arbeid gekoop is, is waardeloos tensy dit bydrae tot die opbouing van die ware kwaliteit van die lewe. Bedroef neem ons waar hoe biljoene rande vir selfsugtige bevrediging, dwelmverslawing en vernietigende doeleindes gebruik word. Hoeveel verkwiste lewens word nie deur daardie verkwiste rande verteenwoordig nie!

Baie is geskryf oor Howard Hughes, die eksentrieke miljoenêr, wie se onbeperkte rykdom die uiteindelike oorsaak geword het van sy aaklige en onmenslike dood. Wantrouig teenoor almal, het hy homself van vriende en die samelewing afgesonder uit vrees dat hy ter wille van sy geld uitgebuit sou word. Na sy dood was verdere vyandskappe en selfsug aangewakker onder diegene wat soos diere geveg het om ‘n deel vir hulleself te verkry.

Was Howard Hughes se tyd regtig so belangrik en waardevol? Sy tyd het geld geproduseer wat ellende veroorsaak het wat uiteindelik tot die dood gelei het. Moet geen fout maak nie; dit is beter dat ‘n mens nooit gebore word nie as om net vir self te leef en aan die einde die ewige lewe te verloor. Dit is beter vir ‘n mens om behoeftig te wees as om miljoene te verdien wat veroorsaak dat hyself of andere verlore gaan.

Al sou dit afgesaag klink, kom ek terug na die vraag, Hoe spandeer u u geld? U leeftyd is in daardie geld verteenwoordig. Om daarvan ontslae te raak, is om van u leeftyd ontslae te raak. Wanneer u lewe verby is, sal u besoldigde lewensjare deur u boedel verteenwoordig word. Dit mag min wees, maar dit is belangrik, omdat dit die waarde verteenwoordig van al die tyd wat u daarvoor verruil het.

Hoe waardeer u daardie tyd? Hoe takseer daardie jare wat soveel van u lewe in beslag geneem het? Die antwoord op daardie vrae sal openbaar word deur die manier waarop u u besittings ag. Indien daardie geld nou in u noodsaaklikste behoeftes voorsien, was die tyd wat dit geneem het om daardie geld te verdien, goed bestee. En indien die geld ‘n middel word om mense vir God se koninkryk te bereik, is die waarde van die tyd om dit te verdien het, onberekenbaar. Waarom? Kom ek illustreer dit.

Indien u geld gebruik kan word om slegs een persoon na Christus te lei, hoeveel sou die tyd daaraan bestee, werd wees? Probeer om dit op hierdie manier te verstaan: een persoon wat

vir die ewigheid gered word, sal langer leef as al die gekombineerde jare van al die mense wat ooit op hierdie aarde geleef en gesterf het. Kan u dit begryp? Uiteindelik sal daardie een persoon se ewige lewe die totale aantal jare oortref wat al die miljoenêrs, bestuursamptenare en vooraanstaande wêreldleiers in hulle leeftye geleef het. En indien daardie miljoenêrs en beroemde persoonlikhede nie gered is nie, sal die tyd van daardie een geredde persoon baie meer werd wees as die tyd van al daardie saamgevoeg.

Wat ek rêrig probeer sê, is dit: geld, sukses, en alles wat daarmee gepaard gaan, is minder as waardeloos, tensy daardie dinge gebruik word om vir die ewigheid voor te berei, en om andere te help om voor te berei. Ons tyd is kosbaar, maar slegs in verhouding tot die ewige voordele wat ons verkry uit die geld wat ons in ruil vir ons tyd ontvang het. Indien ons geld vermors word, is ons tyd om die geld te verdien in die drein af. Hoe waar is dit wat Jesus gesê het: "Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" Mattheus 16:26.

Selfs Christus het gepraat van 'n ruiltransaksie. Deur een ding te belê, word 'n ander verkry. Ons verruil ons tyd vir geld. Dan verruil ons die geld – vir wat? Vir dinge wat ons onbevoeg maak vir die hemel? Indien dit so is, is ons tyd sowel as ons geld wanbestee en waardeloos. Ek herhaal weer, dat dit beter sou gewees het om nooit gebore te gewees het nie, as om te leef en te sterf sonder Christus. Dit sou duisendmaal beter wees om soos 'n armlastige te leef as om 'n biljoenêr oliemagnaat te wees en die hemel met een tree mis te loop.

Analiseer daardie stelling noukeurig. Die Christen armlastige moes met fisiese behoeftes en tekorte leef, *maar hy het gemoedsvrede en vreugde in sy hart gehad.* Die ryk man het in weelde geleef, maar sy verstand was beangs en ongelukkig. Selfs al was daar nie 'n ewige lewe na die graf nie, het die

Christen armlastige ‘n beter lewe op hierdie wêreld gehad as die ongeredde biljoenêr.

Dink egter aan daardie twee persone in terme van die ewigheid. Vir ‘n onberekenbare tyd langer as wat die ryk man geleef het, sal daardie geredde armlastige leef in ‘n woning wat baie mooier is as wat die oliemagnaat ooit van kon droom. Wanneer hy uiteindelik die lewenspan van die totale aardse bevolking verby steek, sal die geredde arm man nog steeds blakend gesond met onsterflike jeug wees.

En wat van die persoon wat alles gehad het? (Wel, *byna* alles! Hy het een ding kort gekom – ‘n eenvoudige, reddende geloof in Jesus.) Wat sal met hom gebeur? Net voordat hy in die vuurpoel gegooi word, sal hy die geleentheid hê om deur die deurskynende mure van die Nuwe Jerusalem te kyk. In daardie oomblik sal daardie misrabele Midas die uiterste leegheid besef van ‘n lewe wat sonder God geleef was. Die tyd wat ‘n miljoen rand per jaar werd was, sal nou gesien word as ‘n vergeefse vermorsing. Die folterende selfverwyt van daardie oomblik in die ewigheid sal die verstand oorweldig en die mees sensitiewe en ergste straf wees wat enigeen ooit moet verduur.

Is u nie nou dankbaar dat ons nog steeds in ‘n tyd leef waar dinge verander kan word nie? Die ewigheid is voor die deur, maar ons het ‘n klein bietjie tyd oor waarin elkeen van ons minute vir geld kan verruil. Maar wat dan? Die geld sal vir iets anders verruil word. Daardie iets anders sal ons help om toegerus vir die hemel te wees of ons kondisioneer om verlore te gaan. Wat is u keuse?

Nog een belangrike waarheid oor geld: aangesien dit werklik die ekwivalent is van die tyd wat u daarin belê het om dit verdien, kan u invloed nog steeds gevoel word solank as wat u gespaarde geld oorbly. Selfs na u dood sal u geld die ure, maande, en jare verteenwoordig wat u bestee het om dit bymekaar te maak. Baie doen afstand van al die verantwoordelikheid vir die invloed van daardie tyd nadat hulle sterf. Die opgehoopte resultaat van ‘n

hele leeftyd word gerieflik in die hande van familielede of selfs gewetenlose prokureurs gelaat, wat nie belangstel nie. Dit word dikwels gebruik om die saak waarvoor die afgestorwene sy lewe gegee het, af te breek en te vernietig. Sy belegging in tyd, verteenwoordig deur sy geld, draai nou teen die belegger en word gebruik om die resultate van noukeurig beplande jare uit te wis.

Alle mans en vrouens behoort ‘n testament te hê wat die belange van hulle tydbelegging kan beskerm. Net soos wat hulle nie gedurende hulle lewe wou hê dat hulle tyd vermors moes word nie, wil hulle nie hê dat hulle geld, wat hulle tyd verteenwoordig, na hulle afsterwe vermors moet word nie. Deur in ‘n testament aan te dui presies hoe die boedel verdeel moet word, kan ‘n persoon waarborg dat sy invloed nog na sy dood gevoel kan word. Die waarde van die belegging deur die jare kan steeds openbaar word deur die geestelike voordele van sy rykdom wat hy bemaak het, hetsy klein of groot.

Selfs diegene wat bang was om uitgawes aan te gaan terwyl hulle geleef het, hoef nie bang te wees om die vrugte van hulle leeftyd se belegging toe te ken in ‘n testament wat na hulle dood uitgevoer kan word nie.

Baie het ‘n wettige vrees dat hulle hulle spaargeld sal uitput en van andere afhanklik sal moet wees. Na hulle dood het hulle egter niks om te vrees nie. Hulle kan vir Christus doen wat omstandighede nie toegelaat het terwyl hulle geleef het nie. Mense kan nog steeds vir die koninkryk gewen word. Hulle middele kan mense vir die hemel voorberei. Baie Christene wat nooit die persoonlike vreugde geken het om iemand vir Christus te wen nie, sal persone in die koninkryk ontmoet wat hulle sal bedank vir hulle nadoodse voorsiening, wat dit moontlik gemaak het dat hulle die waarheid kon hoor en gered kon word.

Miskien is u nou in hierdie kategorie. U durf nie baie vir God se saak gee nie uit vrees dat toekomstige siekte en hospitaalonkoste u spaargeld sal benodig. U verlang dat Jesus moet kom en dat die evangelie oral verkondig moet word, maar u

durf nie die neseier belê wat dalk u enigste buffer teen noodsaaklike behoeftes mag wees. U doen goed deur voorsiening te maak en daardie neseier te behou vir toekomstige gebeurlikhede. Ek dink dat God wil hê dat ons verstandig moet wees in die beplanning vir ekonomiese onafhanklikheid en sekuriteit. Maar indien, deur Sy seën en beskerming, daardie fondse nie nodig is nie, kan hulle vir die redding van siele aangewend word. Dit kan egter slegs gedoen word deur die een wat die versigtige, goeddeurdagte besluit voor die tyd maak.

Baie siele is vir Christus gewen net omdat mense hulle fondse toegewys het om aan te hou werk na hulle dood. Watter opwinding sal dit nie vir daardie toegewyde Christene wees in die opstanding van die regverdiges nie, om te hoor van die wonderlike resultate wat hulle toegewyde middele bereik het deur voort te gaan om namens hulle te praat lank nadat hulle reeds gesterf het.